**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL SG**
**(Tweede Vraestel: Letterkunde)**

---

## VRAAG 1
## BUSRIT IN DIE AAND

1.1 Suf, / moeg / gesluit. (2)

1.2 Neonadvertensies wat flikker. (1)

1.3 Roetine. (1)

1.4 Hyg, skok, snork, swoeg (enige 2). (2)

1.5 Reëlvolgorde is omgeruil. (1)

1.6 Die vaartuig waggel - suggereer die loopbeweging van die bus/
hyg/snork/swoeg - moegheid of die swaarkry van die bus. (2)

1.7 Weerkaatsing. (1)

1.8 Eie antwoord. Werkers - 'n mens is saans moeg.
Verliefdes - ek is nog jonk. (2)
**[12]**

## VRAAG 2
## MET 'N BOSSIE BERGBLOMME

2.1 Omdat die jy verjaar.
Om die jy bly te maak. (2)

2.2 Net. (1)

2.3 Berge. (1)

2.4 Ja - dit is die gedagte en nie die prys van die blomme nie, wat tel.
Nee - my geliefde is spesiaal. (2)

2.5 Klokhelder. (1)

2.6 Oë van die digter. (1)

2.7 en. (1)

2.8 Onheil/probleme/struikelblokke. (1)

2.9 Kan klap. Boots die klapgeluid na. (2)
**[12]**

## VRAAG 3
## TREURSANG VIR VAN DER MERWE

3.1 Hy het dit in die koerant gelees. (1)

3.2 Maar niks. (1)

3.3 Ek merk, ek hoop, ek meen. (3)

3.4 Dit is 'n baie algemene Afrikaanse van. (1)

3.5 ge-. (1)

3.6 Eers stik hy, dan is daar stuiptrekkings en dan sterf hy. (3)

3.7 Die dood/ rus/vrede. (1)

3.8 **hy het 'n goeie slag geslaan.** (2)
**[13]**

## VRAAG 4
## MUSIEK

4.1 Treurig/vertroosting. (1)

4.2 Geluid en stilte / beweging en stilte (2)

4.3 Tenger. (1)

4.4 Dit dui op God. (1)

4.5 Kwatryn. (1)

4.6 Met 'n kelkie. (1)

4.7 Die spreker s'n. (1)

4.8 Smartsang. (1)

4.9 Hierdie hart. (2)

4.10 Die glas/ kelkie se rand. (1)

4.11 Die glas (wat sing). (1)
**[13]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [25]**

## AFDELING B
## DRAMA
## *DIE KEISER*

### VRAAG 5

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Hy het flou geword. | (1) |
| 5.2 | Dit is toneelaanwysings wat leiding gee hoe die toneel opgevoer moet word. | (1) |
| 5.3.1 | Vroeër was die optog vir hom 'n nagmerrie waarmee hy niks te doen sou wou hê nie, maar nou is hy ontsteld omdat dit amper tyd is vir die optog en hy is nog nie gereed nie. | (2) |
| 5.3.2 | Die Nar het hom probeer oortuig om wél in die optog te stap. | (1) |
| 5.4 | Die stippels / ellips en die vraagteken. | (2) |
| 5.5 | Ja; Diplomaat werk saam met die Wewers en die Keiser tree hier heeltemal anders op as wat hulle beplan het. ("Nee" is hier nie aanvaarbaar nie). | (2) |
| 5.6 | Hy praat met die koppe van Kultuur en Maarskalk asof hulle nog leef. | (2) |
| 5.7.1 | Kamerheer. | (1) |
| 5.7.2 | Hy sê dat die Keiser klaar 'n baadjie aan het, maar daar bestaan nie eers een nie. | (2) |
| 5.8 | Moontlik omdat sy die klere nie kan sien nie óf omdat sy besef die Keiser is nie by sy volle positiewe nie. | (1) |
| 5.9 | Vroeër was hy streng en byna beskuldigend teenoor haar, maar hier is hy liefdevol. | (2) |
| 5.10.1 | Respek. | (1) |
| 5.10.2 | Hy het gedroom dat hy kaal tussen 'n klomp mense moet deurloop en dit het hom geweldig ontstel. | (2) |
| 5.10.3 | Die Nar gee aan die Keiser die raad om wel in die optog te loop en as hy dit doen, aanvaar die volk hom omdat hulle kan identifiseer met 'n Keiser wat net so kaal is soos hulle. | (2) |
| 5.11 | Nee; hy is nie by sy volle positiewe nie en glo maar hy het die klere aan / Ja; al ís daar nie klere nie, verbeel hy hom daar is en in sy verbeelding sien hy dit werklik. | (2) |
| 5.12 | Motivering bepaal die punt, bv. Nee; ek sou geweet het die Wewer het my met die klere probeer bedrieg / Ja; as ek ook van my verstand af geraak het, sou ek gedink het daar is klere. | (1)<br>**[25]** |

## VRAAG 6

6.1 Die onbetroubaarheid van die Keiser se Kabinet dra by tot sy oneffektiewe regering. As Minister van Kultuur het Kultuur hoofsaaklik die take om te sorg vir die beskawingsprogram van die volk en hy moet ook die halfeeufees reël. Maarskalk is weer die Minister van Verdediging wat moet sorg vir veiligheid in die land, terwyl Diplomaat as Minister van Buitelandse Sake goeie betrekkinge met die buiteland moet vestig en ook buitelandse leiers na die halfeeufees moet nooi.

Al hierdie ministers is onbetroubaar en verwaarloos hulle take. In plaas daarvan dat Kultuur die geld wat bestem is om die volk op te hef gebruik daarvoor, wend hy dit aan vir luukshede vir die halfeeufees soos replikas van besoekende staatshoofde se paleise. Maarskalk het weer, volgens Kultuur, blykbaar van die wapens verkwansel en daar is ook nog sprake van "goue toilette". Beide lieg vir die Keiser: volgens Kultuur vorder die beskawingsprogram goed en Maarskalk sê dat die veiligheidstoestand in die land goed is, terwyl dit kennelik nié die geval is nie. Diplomaat is dislojaal en ontevrede oor die Keiser se onpraktiese regeringswyse.

Die einde van al hierdie ministers is vernietigend. Beide Kultuur en Maarskalk word deur die rebelle onthoof terwyl Diplomaat, wat as verraaier kop in een mus met die Wewers was, aan die einde saam met hulle op die vlug moet slaan omdat die volk lojaal is aan die Keiser. (15)

6.2 Die rebelle, met Wewer en Tiengelieng aan die spits, probeer om die Keiser tot 'n val te bring. Wewer gee voor dat hy 'n "wonderkleed" vir die Keiser se optog kan weef, wat hom nie net sal verhef tot 'n "Heilige Keiser" nie, maar ook diegene in sy land sal ontmasker wat onbekwaam of bedrieërs is: hulle sal nie in staat wees om dié klere te sien nie. Op so 'n wyse behoort hy die Keiser, wat 'n geweldige voorliefde het vir mooi klere, om die bos te lei. Die Keiser se volgelinge behoort in dié slagyster te trap, want hulle almal is bekend daarvoor dat hulle hul leier bedrieg en sal eerder lieg en hom laat glo dat daar klere ís om te sien.

Tiengelieng is 'n klakkelose naprater van die Wewer. Haar naam suggereer dat sy, soos 'n klokkie wat lui, net die regte geluide maak, maar nié sinvolle standpunte maak nie. Sy hoop om as die Wewer se minnares uiteindelik die keiserin te word wanneer hulle die troon oorneem. Ook word sy gebruik om die aandag van die Wewer af te lei, deur die konserwatiewe hof te skok met haar skamele kleredrag.

Die uiteinde van die Wewers se plan is katastrofaal vir hulleself. Hulle het nooit kon voorsien dat die Keiser op die Nar se aanbeveling wel in die optog sou stap met die Wewer se geweefde "klere" aan en dat die volk met hom sou identifiseer omdat hy net so kaal soos hulle lyk nie. Dit dwing die Wewer en sy rebelle om te vlug en die Keiser triomfeer, alhoewel dit in 'n oomblik van waansin is. (10)

**[25]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [25]**

## AFDELING C
ROMAN

### VRAAG 7
***KRINGE IN 'N BOS*** – Dalene Matthee

7.1 Saul het sy pa by Harison gaan verkla dat hy olifanttande wegsteek onder die hout. (2)

7.2.1 Kersfees (1)

7.2.2 Hy is tradisievas / beginselvas (1)

7.2.3 Sondag is 'n rusdag, hy laat niemand op Sondae werk nie. (2)

7.3 Ja.
Jozef beskuldig hom van verraad. (2)

7.4 moedeloos (1)

7.5 Figuurlik (1)
"Gebrand" dui hier op 'n skandvlek / belastering / om as skuldige beskou te word. (1)

7.6 Hy het geweier om aan die kalander te help kap toe sy pa dit beveel het. (2)

7.7 Woede (1)

7.8 Hy gaan nie soos sy pa-hulle die res van sy lewe in die Bos slyt nie. (2)

7.9 Dis 'n sarkastiese verwysing na die beskrywing waarmee die dorpsmense die Bosmense brandmerk. (1)

7.10 Die grootvoete /
Dan kan jy maar net sowel hier lê (1)

7.11 Ja.
Hy voel verontreg en verlang na 'n vriend. (2)

7.12 Nee,o magtig, die lewe maak nie reg nie. (1)

7.13 Ja.
Hy word beskuldig daarvan dat hy 'n verraaier is. (2)

7.14 Ja.
Hy het geglo dat Saul hulle verraai het / Hy het geglo Saul is 'n spioen. (2)
**[25]**

## VRAAG 8
## *FIELA SE KIND* – Dalene Matthee

| | | |
|---|---|---|
| 8.1 | Benjamin is wit en die ander is bruin. | (1) |
| 8.2 | As gevolg van Kies Laghaan se skaapdiefstal is Selling van moord aangekla. | (2) |
| 8.3 | Sy moet hom grootpad toe neem om vir hom die pad huis toe (Lange Kloof) te wys. | (2) |
| 8.4 | Vyf sjielings. Sy wil 'n mondfluitjie koop. | (2) |
| 8.5 | Benjamin is ook wit soos die magistraat. | (1) |
| 8.6 | Die magistraat word vergelyk met 'n toktokkie se boepens. | (2) |
| 8.7 | Hy het nie soos hulle skoene aangehad nie. Sy hemp was te groot terwyl die ander se klere vir hulle gepas het. | (2) |
| 8.8 | Die konstabel. | (1) |
| 8.9 | Tollie was naby om te help, maar nou is hy op homself aangewese. | (2) |
| 8.10 | Hy was in die tronk. | (1) |
| 8.11 | Dit is kursief gedruk.<br>Die uitroepteken. | (2) |
| 8.12 | Die feit dat hy nader aan Benjamin kom / die feit dat die magistraat reg voor Benjamin staan / die feit dat die magistraat van die preekstoel afklim. | (1) |
| 8.13 | Hy is bang dat sy woede hom ook van sy gesondheid kan beroof. | (1) |
| 8.14 | Benjamin het weggeloop. | (1) |
| 8.15 | Nee ( ja is foutief).<br>Hy het Benjamin baie sleg behandel. | (2) |
| 8.16 | Deur met die byl in die balke te moker/ kap. | (1) |
| 8.17 | Omdat Benjamin weggeloop het. | (1)<br>**[25]** |

## VRAAG 9
***BY FAKKELLIG*** – Karel Schoeman

| | | |
|---|---|---|
| 9.1 | . . . op 'n afstand bly staan en toekyk. . . | (1) |
| 9.2 | Hul waaksaamheid/sy vooroordeel/iets ongetems in hul oë en gebare. | (1) |
| 9.3 | Sy afkeer. | (1) |
| 9.4 | Ek sal nie dat julle my van koers bring nie. | (1) |
| 9.5 | Ja. Die boerevolk leef in armoede en benodig hulp. | (2) |
| 9.6 | Alice voel dis hul plig om die boerevolk te help.<br>David voel hulle het geen verpligting daartoe nie. | (1)<br>(1) |
| 9.7 | Ja. In die eerste uittreksel vergelyk hy die boerevolk met diere. In die tweede uittreksel het hy 'n betekenisvolle vriendskap gesluit met 'n pagter en verkeer hy sosiaal met hulle. | (2) |
| 9.8 | Figuurlik.<br>Veld dui op nuwe leerareas/ ervaring. | (1)<br>(1) |
| 9.9 | Hy is hardkoppig/volg sy eie kop. | (1) |
| 9.10 | David het nie vriende nie. | (1) |
| 9.11 | By die Cunninghams se bal. | (1) |
| 9.12 | Ja. Hulle het saam gelag, gedans en gesels. | (2) |
| 9.13 | hulle twee saam. | (1) |
| 9.14 | Séamas Bán het die begeerte om David te bekeer, Liam nie. | (2) |
| 9.15 | Hy dink na. | (1) |
| 9.16 | Ja. Wêreld dui op die Ierse pagters se leefwyse. | (2) |
| 9.17 | Dis belangrik vir hom dat iemand uit die grondeienaarstand hom as mens behandel. | (2)<br>**[25]** |

## VRAAG 10
***TOORBERG*** – Etienne van Heerden

| | | |
|---|---|---|
| 10.1 | Posmeester Moolman | (1) |
| 10.2 | Onderwyseres | (1) |
| 10.3 | Hy is Posmeester se seun/hy werk daagliks met koeverte. | (1) |
| 10.4 | Skelm verhouding met Klein Kittie Riet. | (1) |
| 10.5 | Hy het bloeddrukprobleme (net sieklik, 1 punt). | (2) |
| 10.6 | Die droogte. | (1) |
| 10.7 | Almal wat om die boorgat gestaan het / almal om die boorgat wat reeds dood was en nou weer daar is. | (1) |
| 10.8 | Hy is eintlik dood, maar probeer nou om Druppeltjie uit die boorgat te red. | (2) |
| 10.9 | Die haarwortels met oumansbaard. | (2) |
| 10.10 | Sy wou haar pensioengeld gaan haal. | (1) |
| 10.11 | Nee. | (1) |
| 10.12 | Waterwyser du Pisani. | (1) |
| 10.13 | Druppeltjie du Pisani. | (1) |
| 10.14 | Die Moolmans en die Skaamfamilie. | (2) |
| 10.15 | Moolmans - hulle is ryk en trotse besitters.<br>Skaamfamilie - hulle is sterk mense omdat hulle verdruk word. | (2) |
| 10.16 | Ja. Sy is oud en moet baie ver te voet aflê/ niemand help haar nie/ sy is oud en moet vrou alleen al voor dagbreek begin loop. | (2) |
| 10.17 | Abel Moolman. | (1) |
| 10.18 | Nee. | (1) |
| 10.19 | Hulle was swerwers. | (1)<br>**[25]** |

## PARAGRAAFTIPE VRAE

### VRAAG 11
### *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

11.1 Jozef en Saul was aanvanklik besonder geheg aan mekaar. Jozef was ouer en het in vele situasies as beskermer teenoor Saul opgetree. Toe die rieme in Saul se skouervleis insny terwyl hy help hout uitsleep,was dit Jozef wat sy riem by hom geneem het. Op sy veertiende verjaardag het Saul besluit om 'n bloubokkie te vang. Hy het sy kop oopgekap; ontdek dat daar nie werklik gal in sy kop is nie; en toe besef hoe bygelowig die Bosmense is. Dit is vanaf hierdie tyd dat hy met sy broer begin bots het oor die uitroei van die Bos en die olifante en hul voortbestaan.

Saul en Jozef huldig verskillende standpunte. Jozef aanvaar as natuurlik die armoede en vernedering waaraan die Bosmense onderwerp word. Saul nie. Hy verset hom teen die uitbuiting van die houtkappers en wou menswaardig leef. Dit hinder Saul dat hulle aanhou werk, maar nooit geld sien nie.Jozef aanvaar tradisie blindelings. Hy kyk nie verder as hul eie onmiddellike behoeftes nie. Saul wat verder kyk word dadelik as vyand en verraaier gebrandmerk.

Nadat Oupoot doodgeskiet is, verduidelik Saul aan Jozef hoe hy vir twee jaar verniet gewerk het by MacDonald vir hulle skuld; en dat hy nou houtkappers nodig het om hout aan hom te verkoop. Saul sê ook dat dit nie Oupoot kon gewees het wat Jozef se kind doodgemaak het nie en dat hy Jozef se kinders sal wys hoe om goud uit te was.

Die verhouding tussen Saul en Jozef kan wel slaag. Saul voel dat daar 'n nuwe lewe op hom wag en Jozef erken dat hy vir Saul gehaat het omdat Saul die moed gehad het om die bloubokkie se kop oop te kap. Hy sien nou uit na die dag wanneer hy loskom van MacDonald se houvas. (15)

11.2 Omdat Saul slimmer is as die res van die Bosmense, begin hy twyfel aan die kennis en wysheid van die grootmense. Hy sê 'n mens begin so rondom veertien te dink; voor dit aanvaar jy blindelings wat die volwassenes sê. Hy is nie bereid om te maak en te glo soos al die ander Bosmense nie. Presies waar die bloubokkie se gal sit, is op sigself nie belangrik nie.Maar om die waarheid te verontagsaam – is om jouself te verraai.Toe hy besluit om weg te draai van sy mense as gevolg van hulle blindheid vir die waarheid, het veral Jozef hom as verraaier beskou.

Saul besef dat die houtkappers besig is om die natuur te vernietig en dat hulle self daaronder gaan ly.Toe hy die houtkappers se vernietigingswerk in die Bos oopvlek met die woorde dat hulle 'n spul wurms is wat die appel van binne af vrot vreet, het hy 'n drag slae by sy pa gekry.Toe die delwers die vernietigingswerk van die houtkappers voortsit ten spyte van sy bewaringsreëls, besluit Saul om weg te gaan uit die Bos.Hy wil nie sien hoe die Bos sterf nie.

Met sy eerste besoek aan die dorp besef Saul hulle verskil van die dorpsmense. Dis nie net hul kleredrag wat verskil nie, maar hy besef dat hulle nie as gelykes aanvaar word nie. Die Bosmense stap kop onderstebo en kyk niemand in die oë nie; hulle word genoem *"wild"* en moet kruip voor die dorpsmense ter wille van 'n paar pennies.

Saul verlaat aan die einde nie die Bos nie omdat hy besef hy 'n verantwoordelikheid het teenoor die Bos en sy mense, sy familie en Kate. (10)

**[25]**

## VRAAG 12
## *FIELA SE KIND* – Dalene Matthee

12.1 Fiela het 'n sterk persoonlikheid en mooi ideale. Sy besit wettig grond en haar werf is netjies en alles is ordelik. Sy is lief vir haar kinders en ten spyte van Selling se swakte, neem sy die leiding sonder om hom te verwyt. Sy is baie lief vir die kinders, veral vir die hanskind, Benjamin, wat wit is. As Fiela probleme ondervind, bid sy tot die Here.

Haar ideaal is om geld te maak met volstruisboerdery .Sy het baie klein begin, maar is hart en siel daarin. Die kinders help haar ook om aalwee te tap. Fiela beoog om later die Laghaans se grond ook te koop, sodat dit na Benjamin toe kan gaan. Sy praat nooit groot oor haar boerdery nie en werk baie hard.

Elias woon in die Bos en sy huis is armoedig. Hy wil nie hout kap nie, maar maak balke omdat dit meer lonend is. Dit is ook minder werk. Elias is aartslui en hy wil graag baie geld maak. Ons lees nooit dat hy eintlik godsdienstig is nie. Hy weet goed hoe om sy kinders as slawe te laat werk, selfs vir Nina. Hy mishandel haar ook erg. Met Barta is hy soms ook driftig. Elias is 'n bombastiese mens. Hy wil Nina later uitverhuur om geld te maak.

Elias wil ryk word uit balke maak, maar kry dit nie reg nie. Hy besluit toe om olifante se tande in die hande te kry sodat dit hom kan ryk maak. Ongelukkig het hy nie 'n geweer nie en bedink hy allerhande slinkse maniere om olifante dood te maak.

Ongelukkig merk die olifante hom en kan hy later nie meer vryelik beweeg in die Bos nie. Hy word dan ook deur 'n olifantkoei vermink en van sy rykdom kom nie veel nie.

Toe Benjamin Fiela-hulle kom besoek na Dawid se dood, is daar al heelwat volstruise. Met Fiela gaan dit goed. Sy het ook die Laghaanse se grond gekoop. Nadat Elias vermink is, kon hy self nie meer werk nie. Willem is getroud en hy kon ook nie alleen loop om Nina se geld te kry nie. Hy verloor Lukas ook. Sy lewe het op 'n mislukking afgestuur. (20)

12.2 Fiela en die Laghaans

Kies Laghaan het 'n skaap van Selling gesteel. Hy was so kwaad dat hy hom ernstig beseer het (steek hom met 'n mes). Later is hy dood. Selling is daarvoor tronk toe en hy het harde arbeid verrig (pad gebou).

Dit het hom liggaamlik gebreek dat hy toe hy begenadig is en vrygelaat is, permanent aan die swakte gely het.

Nadat Benjamin Fiela-hulle kom besoek het omdat hy van Dawid se dood gehoor het, was Fiela so bly dat sy tot God gebid het en die Laghaans vergewe het. (5)

**[25]**

**VRAAG 13**

***BY FAKKELLIG* – Karel Schoeman**

13.1 David is van kinderdae aan homself oorgelaat. Arthur en hul vader het dag na dag gejag of was besig met hul gewere. Sy moeder is vroeg oorlede. Sy grootmoeder, Lady Hariet, wat vir sy opvoeding moes sorg, het met al haar kwale selde die afsondering van haar kamer verlaat, en niemand het ag op hom geslaan nie. Na sy vader se dood, het hy alleen in die groot huis agter gebly. Arthur het sy eie lewe gehad (Engeland, jag ,perdry en whisky drink) en was nie gewoond daaraan om met David te gesels nie; trouens hy was nie op sy gemak om enige ernstige gesprek te voer oor 'n ander onderwerp as die prys van perde nie).

As gevolg van David se gereelde besoek by Ard na Croise het hy 'n vreemdeling tussen sy eie mense geword. Aan die ander kant kon hy nie vryelik met die lere kommunikeer nie, omdat hy nie hul taal verstaan het nie. Alhoewel hy in hul kring toegelaat is, voel hy soos 'n indringer en vreemdeling, veral omdat gesprekke skielik verstil met sy toetrede. Hul gebruik woorde wat vir hom steeds vreemd bly, verwysings en sinspelings wat hy nie verstaan nie en daar is gebeure waarvan hy niks weet nie.

Met Alice se besoek besef David opnuut sy alleenheid. Sy het vir hom 'n totale vreemdeling geword: sy toon min begrip vir sy simpatie met die lere. David het juis verwag dat Alice, wat hom bewus gemaak het van die lere se armoede die een was wat met hul simpatie gehad het, begrip sou toon vir sý simpatie en motivering vir sy deelname aan die rebellie.

Daar word soveel klem gelê op David se eensaamheid omdat sy stryd/konflik hoofsaaklik innerlik is: hy groei vanaf 'n passiewe mens tot iemand wat betrokke raak; iemand wat keuses maak, wat bereid is tot optrede en bereid is om die verantwoordelikheid daarvan te aanvaar. (15)

13.2 Die Ierse pagters wil seggenskap in die bestuur van die wette hê waaronder hulle leef. Hulle wil 'n regverdige regstelsel hê en regverdige magistrate; skole en universiteite wat hulle aanvaar, hul eie toegeruste skole; erkenning van hul menswaardigheid en hul reg op grondbesit. Hulle eis politieke voorregte en die reg om hul godsdiens uit te leef; om 'n betekenisvolle bydrae te maak in die leër, staatsdiens en parlement. Hulle wil gebruik maak van beskikbare mediese dienste en wil nie net as blote pagters in hulle eie land bly voortleef nie.

Volgens ds. Burnwoord het die grondeienaars geen verpligting teenoor die armoedige Ierse boerevolk nie. Die Iere is bloot pagters met wie hulle 'n huurkooptransaksie gesluit het, hy staan koud teenoor hul armoedige lewensomstandighede. Sy preke is indoktinerend en verwys telkens na rewolusionêre toestande in Frankryk, asook die bedreiging daarvan vir Ierland. Regter Greenwood het 'n eenvoudige oplossing vir die groeiende krisis in Ierland: alle opstandiges en misdadigers (hoe nietig die misdaad ook al mag wees) moet gehang word, dan sal die probleem self verdwyn.

Die stryd om die erkenning van menseregte is universeel: bv. in Zimbabwe en Irak.(Kandidate se eie mening word hier as slot verwag). (10)

**[25]**

## VRAAG 14

***TOORBERG*** – Etienne van Heerden

14.1 Die Moolmans se sonde het hulle gebreek. Dit is veral trots en onverdraagsaamheid wat meebring het dat hulle hulself vernietig het. Van StamAbel af was hulle al so trots en hulle het alle afdraaipaaie verwerp bv. De la Rey die swakkeling wat sy erfreg verbeur het en Floors wat die plaas moes verlaat na sy buite-egtelike verhouding met 'n bruin vrou.

Ironies egter het Abel self 'n openlike buite-egtelike verhouding met die weduwee op die dorp. Ella en Abel het vier doodgebore babas gehad. Tóé DwarsAbel die onvrugbare en later Kêns Tillie wat die enigste moontlikheid was om die Moolmangeslag se naam voort te plant. Sy het toe 'n seun, Druppeltjie, weens die buite-egtelike verhouding met Waterwyser du Pisani.

Ook Druppeltjie is dood, met die gevolg dat daar geen voortsetter van die Moolmans oorgebly het nie.

Druppeltjie is ook genoem die kind van die weemoed. Vir sewe maande na sy geboorte het daar 'n druppeltjie aan sy linkerwang gesit. Hy het ook soos die Slams, die binneste oë gehad. Hy kon water selfs verder as 100 voet onder die grond hoor. Hy is ook Noag genoem, na die man wat in die Bybel die groot mag van water geken het.

Druppeltjie was verstandelik vertraag, kon lees en skryf en was by Amy in die skool. Hy het baie agter sy pa aangeloop waar hy met sy "waterwerk" besig was. Druppeltjie het baie graag in boorgate ingeloer.

Hy het nooit sy oë vir die son geknip nie, was bang vir die donker en het 'n voorliefde vir wilgerbome gehad, waaronder hy graag gespeel het. Uiteindelik is hy in 'n boorgat dood.

Kandidate se eie siening moet só gemotiveer wees dat dit getuig van insig en kennis van die verhaalinhoud. (20)

14.2 StamAbel gee die plaas die naam Toorberg as gevolg van die waterberg, die vroeëre grond van HansBoesman en Jan Swaat. Hy het eers oorweeg om dit Paradysberg te noem, maar a.g.v die oog, die vleie en gras wat hy nie heeltemal begryp het nie en wat vir hom toormooi was, het hy die naam Toorberg gegee. (5)

**[25]**

**TOTAAL: 75**

AFRIKAANS EERSTE TAAL HG EN SG

NASIENTABEL VIR LANGER OPDRAGTE
LITERATUURSTUDIE VRAESTEL 2

**TAAL EN STYL**

| 20<br>15<br>10 | SKITTEREND | BAIE GOED | GOED | GEMIDDELD | REDELIK | SWAK | BAIE SWAK |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **RYK** | 20<br>15<br>10 | 19<br>14<br>9 | 18<br>13<br>9 | 16<br>12<br>8 | 15<br>11<br>7 | 14<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 |
| **VOLLEDIG** | 18<br>14<br>9 | 17<br>13<br>9 | 16<br>12<br>8 | 14<br>11<br>7 | 13<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 | 10<br>8<br>5 |
| **GOED** | 16<br>12<br>8 | 15<br>11<br>8 | 14<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 | 11<br>8<br>6 | 10<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 |
| **GEMIDDELD** | 14<br>11<br>7 | 13<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 | 10<br>8<br>5 | 9<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 | 6<br>4<br>3 |
| **ONDERGEMIDDELD** | 12<br>9<br>6 | 11<br>8<br>6 | 10<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 | 7<br>5<br>4 | 6<br>5<br>3 | 4<br>3<br>2 |
| **SKRAAL** | 10<br>8<br>5 | 9<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 | 6<br>5<br>3 | 5<br>4<br>3 | 4<br>3<br>2 | 2<br>1<br>1 |
| **ARM** | 8<br>6<br>4 | 7<br>5<br>4 | 6<br>5<br>3 | 4<br>3<br>2 | 3<br>2<br>2 | 2<br>2<br>1 | 1<br>1<br>0 |

INHOUD

**INHOUD**

A. **RYK** (R)

1. Besondere insig
2. Sterk oortuigingskrag
3. Uitstekend inhoud-beheer
4. Deeglike begrip en interpretasie
5. Interessante, sistematiese en logiese beplanning
6. Vraag en antwoord sluit
7. Vraag voortdurend in fokus

B. **VOLLEDIG** (V)

1. Besondere insig
2. Oortuigingskrag baie goed
3. Inhoud weldeurdag
4. Duidelike begrip en interpretasie
5. Interessante, logiese beplanning
6. Enkele inhoudsgedeeltes ontbreek
7. Vraag en antwoord sluit
8. Vraag in fokus

C. **GOED** (GO)

1. Meer gebreke
2. Oortuig minder
3. Feite nie volledig nie
4. Aanbieding plek-plek nie logies nie
5. Vraag en antwoord sluit plek-plek nie
6. Vraag nie voortdurend in fokus nie.

D. **GEMIDDELD** (GE)

1. Baie gebreke
2. Oortuig soms glad nie
3. Helfte van feite
4. Belangrike feite ontbreek
5. Interpretasie gewoon
6. Aanbieding nie logies nie
7. Vraag en antwoord sluit dikwels nie

E. **ONDERGEMIDDELD** (OG)

1. Baie meer gebreke
2. Oortuig gedeeltelik
3. Belangrike feite weggelaat
4. Interpretasie oortuig nie
5. Aanbieding lomp
6. Vraag en antwoord sluit hier en daar
7. Vraag net in enkele gevalle in focus

F. **SKRAAL** (SK)

1. Kandidate druip
2. Vol gebreke
3. Oortuig glad nie
4. Geen insig nie
5. Onbelangrike feite oorheersend
6. Interpretasie swak
7. Aanbieding deurgaans lomp
8. Vraag en antwoord sluit glad nie

G. **ARM** (A)

1. Druip ver
2. Geen insig
3. Weinig kennis
4. Interpretasie
5. Aanbieding onlogies en verward
6. Vraag glad nie beantwoord nie

**TAAL EN STYL**

1. **SKITTEREND** (S)

1. Korrekte, funksionele lees- en skryftekengebruik
2. Korrekte, funksionele gebruik van literêre terminologie
3. Oorspronklike taal en styl
4. Afrikaanse idioom
5. Keurige taalaanwending

2. **BAIE GOED** (BG)

1. Klein gebreke in lees- en skryftekengebruik
2. Goeie styl
3. Keurige taalaanwending - klein foutjies

3. **GOED** (GO)

1. Meer gebreke t.o.v. lees- en skryftekengebruik
2. Taal en styl begin lomp vertoon
3. Taalaanwending toon tekens van slordigheid

4. **GEMIDDELD** (GE)

1. Nog meer gebreke t.o.v. lees en skryftekengebruik
2. Taal en styl vertoon lomp
3. Taalaanwending is slordig

5. **REDELIK** (RE)

1. Ernstige gebreke t.o.v. lees- en skryftekengebruik
2. Sinsbou swak
3. Taalaanwending slordig
4. Slaag soms net

6. **SWAK** (SW)

1. Skryf- en leestekengebruik beroerd
2. Sinsbou swak
3. Taalaanwending slordig

7. **BAIE SWAK** (BS)

1. Kennis in gebruik van skryf- en leestekengebruik bestaan nie
2. Taalgebruik uiters swak